

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente:NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI Sinode:OOS-KAAPLAND

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die plaaslike sinode se kantoor wees nie.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
 - √ Kerkraad
 - √ Wyke
 - √ Kleingroepe
 - √ Lidmate: byeenkoms
 - √ Lidmate: individueel
 - √ Ander: Wyksleiers, Dienswerkers, Geestelike leiers
2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
 - √ Ja Lank reeds gesirkuleer – opnuut beskikbaar by kantoor
 - .. Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Punte 1 – 4 word vry algemeen aanvaar maar punte 5 – 6 verdien kommentaar.

Die konsensusstandpunt van die Kerkraad word sterk ondersteun in gemeentegesprekke:

"Die Belydenis van Belhar mag onder geen omstandighede 'n voorwaarde vir kerkeenheid wees nie en niemand mag gedwing word om dit te aanvaar of daarvan af te sien in 'n herenigde kerkverband nie."

Punt 5 is 'n negatiewe formulering, nl. dat Belhar ingeskryf word in die belydenisgrondslag en dan verwerp mag word. Buitendien is daar 'n klankie van hovaardigheid in die gebruik van "lidmate wat nie gereed is nie" wat aanstoot gee en Belhar na 'n bedekte voorwaarde laat klink.

Die "volle groei van Belhar" in punt 6 impliseer ook dat teëstanders van Belhar geestelik minder ontwikkel is en dit versterk die agterdog dat Belhar verskans is.

Dit kan sonder skade en met vrug weggelaat word.

Nuwe/ ander voorstelle?

Vervang punte 5 en 6 met iets soos:

"In 'n nuwe kerkverband word die bestaande belydenisgrondslag, nl. die drie formuliere van eenhoud behou met ruimte vir Belhar as vierde belydenisskrif in die konfessionele basis vir daardie kerke/gemeentes/lidmate vir wie dit kosbaar/aanvaarbaar is".

Onderskrywing van Belhar sal dus 'n vrye positiewe opsie wees. Vir 'n gemeente geld die keuse van die Kerkraad wat vir approbasie aan die gemeente voorgelê word. Indien besware ontvang nie besleg kan word nie, lei dit dan tot toetsing van die gemeente].

[Die hantering van lidmate wat wissel na 'n gemeente wie se keuse van sy/haar keuse verskil, bly 'n kwessie waarvoor werkbare oplossings dringend gevind moet word].

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Punt 7.5: NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI sal beslis nie verander kan word nie en aangesien die naam van 'n oorkoepelende liggaam/sinode die samesnoering van die NG Kerkfamilie is, sal "NG" baie prominent in die naam geakkommodeer moet word.

Punt 7.7 en 9: 'n Assosiatiewe-lidmaatskapmodel met groot assosiasievryheid is, benewens 'n federale model, die enigste model wat beduidende steun in ons gemeente sal kry

LW. DIT IS DRINGEND NOODSAAKLIK DAT BEGIN WORD OM DIE NODIGE NAVORSING RAKENDE 'N ASSOSIATIEWE MODEL TE DOEN EN WYD BEKEND GEMAAK WORD DAT DIE OPSIE ERNSTIG ONDERSOEK WORD.

Die konsensusstandpunt van die Kerkraad hieroor is goed ontvang in gemeentegesprekke:

- 'n Eng geforseerde eenheidstruktuur sal vir seker kontraproduktief wees t.o.v. kerkvereniging daarom word 'n losser struktuur waarin kerke ruimte gebied word sterk bepleit.
- Die plaaslike kerk is ten volle kerk en gemeentes is regspersone wat hul verantwoordelikheid m.b.t. onafhanklike besluitneming en bediening behou.
- Een nuwe Algemene Sinode kan gevorm word as oorkoepelende sambreelligaam waarby bestaande sinodes assosieer.
Nuwe streekstrukture kan gevorm word waarby gemeentes sou kon inskakel.
Assosiatiewe lidmaatskap moet opsies aan gemeentes bied in die verband.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Die konsensusmening van die Kerkraad is vry algemeen ondersteun in gemeenegesprekke:

“Die kerke kan op alle vlakke probeer om soveel moontlik dinge op 'n ongedwonge en vrywillige basis saam te doen”.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Gesamentlike projekte sal op geen gemeente afdwing word nie.
[Besweer asseblief alle bespiegeling!].

Nuwe/ ander voorstelle?

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Die konsensusmening van die Kerkraad is goed ondersteun in gemeentegesprekke:

" 'n Proses gerig op versoening tussen vervreemde lidmate, gemeentes en ander liggame van die kerkfamilie moet van stapel gestuur word.

Die proses moet breed genoeg wees om 'n gesamentlike benadering tot kwessies soos grondhervorming, misdaad, armoede en sosio ekonomiese geregtigheid, kultuur en taal te bevorder."

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Kerke behou, waar verkies, hulle name en 'n naam word gegee aan die oorkoepelende Sinode,
bv. SA Sinode van NG Kerkverband.
(Nie in groepe getoets – afleiding van Voorsitter van die Kerkraad).
NG móét behoue bly.

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842,
NEWTONPARK PORT ELIZABETH 6055